

**Maandag 27 Junie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-17; HK Sondag 17, Antwoord 45**

**Fokusgedeelte: Kolossense 3:1**

### **Christus se opstanding en ons heiligmaking**

Deur Christus se opstanding word ons nie net in die regte verhouding tot God geplaas nie (die regverdigmaking), maar daardeur word ons ook opgewek tot 'n nuwe lewe waarin ons steeds meer die sonde nalaat en die wil van God doen (die heiligmaking). Hierdie heiligmaking het egter twee kante, 'n negatiewe en 'n positiewe. Aan die negatiewe kant beteken dit dat ons al hoe meer met die sonde moet breek. Trouens, dit word baie sterk gestel: ons moet die sonde in ons (die ou mens) steeds meer kruisig, doodmaak en begrawe (vgl. Antw. 43). Die positiewe kant is dat ons volgens die tweede deel van Antwoord 45 tot 'n nuwe lewe opgewek word. Dit beteken dat ons positief en doelgerig daarna moet streef om so naby as moontlik aan die Here te lewe, sy Woord te ondersoek, gereeld te bid en die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22) so duidelik moontlik te openbaar. Deur Christus se opstanding uit die dood wek Hy ons op uit ons geestelike dood en gee aan ons 'n nuwe geestelike lewe. Dit vind by die weergeboorte plaas. Dit is wel nie ons wat die liggaamlike opstanding van Christus vergeestelik om ook die opwekking uit die geestelike dood te beteken nie. Die Skrif self lei ons op die pad. Dit blyk duidelik as Petrus (1:3) van God die Vader sê: *“In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe (weerge-boorte) geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood.”* Deur die weergeboorte as vrug van Christus se opstanding uit die dood is ons op die pad van heiligmaking geplaas in die sin dat ons die wil van God al hoe meer in ons lewens gehoorsaam. Die geestelike betekenis van die opstanding van Christus eis nou van ons dat ons inderdaad op die pad van heiligmaking moet voortgaan. Dit is wat Paulus ook beklemtoon as hy sê: *“Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit”* (Kol. 3:1). Wat die heiligmaking in die praktyk beteken, dui Paulus aan deur eers in Kolossense 1:5-9 die dinge te noem waarmee ons moet breek, naamlik onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, gierigheid en afgodery. Daarna toon hy in Kolossense 1:10-17 hoe ons nuwe lewe in Christus wel daar moet uitsien. Ons moet meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig, verdraagsaam en vergewensgesind wees, vol liefde, vrede en dankbaarheid tot eer van God. Deur dit te doen sal die gelowiges na die beeld van hulle Skepper vernuwe word (Kol. 1:10). So sal ons toon dat ons dood is vir die sonde, maar lewe vir God in Christus Jesus (Rom. 6:11).